Moontlike Antwoorde November - 2004

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL HG**
**(Tweede Vraestel : Literatuurstudie)**

---

## ALGEMENE SAKE

1. PARAGRAFERING:
T & S nie beter as goed indien nie geparagrafeer.

2. AANTAL WOORDE by paragraaftipe vrae word nie getel nie. Ongeveer twee folio's (20 punte) en een folio (10 punte). Ignoreer res maar neem grootte van skrif in ag.

3. JA/NEE-vrae:

3.1 Antwoord net "Ja" of net "Nee" – 1 punt-res vir motivering.
3.2 Ja of Nee albei reg – motivering tel al die punte
3.3 Leerders moet standpunt inneem/kies tussen "Ja" en "Nee".
3.4 Motivering moet by Ja/Nee pas – punt dan slegs vir korrekte Ja of Nee.

4. FRASE:
Leerders moet slegs toepaslike sinsdeel neerskryf of onderstreep ('n frase kan 'n werkwoord bevat).

5. PARAGRAAFTIPE vrae:
Leerders hoef nie "kapstokke" in dieselfde volgorde as op die vraestel te behandel nie – solank alle fasette aangeraak word.

6. AANHALINGSTEKENS:
Leerders word nie gepenaliseer nie.

## AFDELING A

## POËSIE

Gee krediet vir kandidate se eie insigte. Wat die memorandum gee is slegs riglyne en beslis nie die enigste moontlikhede vir beantwoording nie!

### Ongesiene Gedig

### VRAAG 1

***Egbreek*** – Bronwyn Wessels

1.1 Ja
Die titel ***Egbreek*** beteken om ontrou te wees aan jou huweliksmaat en die inhoud dui op die nagevolge van hierdie ontrouheid. (2)

1.2 Die getroude man / die egbreker. (1)

1.3 Kinders uit sulke verhoudings word verwaarloos/Kinders wat gebore word uit sulke verhoudings, is die onskuldige slagoffers. (1)

1.4 Beklemtoon die ongunstige toestand (onversorgdheid) waaraan die kind oorgelewer is. (1)

1.5 Figuurlik
Dit beteken hy het haar verlaat. (2)

1.6 **kruispad** kan dui op die man en vrou wie se paaie gekruis het/Kan ook dui op keuses wat gemaak is/Elke kind in so 'n verhouding is die lydende party/kruispadkrisis.. (1)

1.7 Ja –
Albei is deels verantwoordelik.

**OF**

Nee
Albei partye is sleg.

**OF**

Nee –
Albei partye is sleg/Die man was skuldiger. (2)

**[10]**

### VRAAG 2

Krediet moet gegee word aan leerders wat woordspeling in titel raakgesien het. (Dit is 'n manier om oor die weg te wees).

Penalisasie vir 1 "kapstok" uitgelaat. Inhoud hoogstens: Goed.
Penaliseer dan 'n verdere vlak vir elke kapstok weggelaat.

***Dis-ability*** – Peter Snyders

Die nasientabel vir literatuurstudie word gebruik.
Die titel ***Dis-ability*** dui op ongeskiktheid, om 'n gebrek te hê, of 'n onvermoë om te kan werk. Binne die gedigkonteks dui dit op toelaes wat persone ontvang wat ongeskik is om te kan werk en vir hulself te kan sorg.

Die spreker is van mening dat die regering verplig is om alle hulpbehoewendes binne die grense van Suid-Afrika finansieel te ondersteun. Hy is ook volgens eie erkenning baie gelukkig met die toelaag wat hy ontvang.

Hy en sy familie ontvang verskeie toelaes : hy 'n ongeskiktheidstoelaag; Ma 'n onderhoudstoelaag asook 'n pensioen en Kettie (gratis?) hospitaalbehandeling. Alle toelaes kom uit die staatskoffer en dis die belastingbetalers wat hiervoor sorg. Hierdie toelaes plaas geweldige finansiële druk op die regering en dit strem ekonomiese groei en ontwikkeling – noodsaaklik vir werkskepping.

Ondersteun standpunt van spreker : regerings het 'n verantwoordelikheid teenoor die mindergegoedes /

**OF**

Ondersteun nie standpunt van spreker nie : mense moet self voorsiening maak; die las kan nie alles op die regering en belastingbetalers geplaas word nie. **[10]**

## VRAAG 3

***Elegie vir my toekomstige vrou*** – A. Letoit

Word nie gepenaliseer vir " "

3.1 Hy beleef die gebeure vanuit sy eie ervaring /
Dui persoonlike belewing aan. (1)

3.2 Die titel dui op 'n vrou wat hy nog nie het nie. 'n Toekomstige vrou. (1)

3.3
3.3.1 Nee. (1)
3.3.2 "of" / "dalk" (1)
3.3.3 Die spreker verklaar dat hy nooit die dag sal vergeet nie. (1)

3.4 **elegie** (1)
'n Elegie is 'n treurlied / 'n lykdig / dit gaan oor die dood van 'n dierbare. (1)

3.5 Dit plaas die aandag op die voorkeur van die spreker /
vertel ons meer van die karakter van die spreker. (1)

3.6 Daar was 'n moontlikheid dat hulle nie sou trou nie /
Ten spyte van ouerlike besware het hulle steeds getrou. (1)

3.7 Ontnugtering / sinisme / ook: sarkasme/minagting. (1)

3.8 Getroude lewe is geen lewe nie (1)

3.9 "ontmoet" (strofe 1)
"uitgeneem" (strofe 2)
"getrou" (strofe 3)
"geleef" (strofe 4)
"geleef" of "bybies" (moet albei korrek gee vir 1 punt)
(enige twee) (1)

3.10 Die gang van die gedig is onderbroke / nie vloeiend nie. (1)

3.11 Hy spot daarmee dat belangrike persone in die geskiedenis se lang hare aanvaarbaar was. (1)

3.12 Ja
Die huwelik is platonies / passieloos / sleurwerk / nie die moeite werd nie.

**OF**

Nee
Die huwelik kan vervullend en gelukkig wees. (1)
**[15]**

**VRAAG 4**

***Lied van die Kinders*** – Lina Spies

4.1 'n Kinderlied word gewoonlik geassosieer met vreugde en blydskap maar hier verwys dit na lyding. (2)

4.2 marteling / verlossing.
Albei het gely (1)

4.3 4.3.1 Tweede Wêreldoorlog / Viëtnamese oorlog / Iers-Republikeinse oorlog/Koreaanse oorlog/Palestyne en Jode (1)
4.3.2 Dui daarop dat die lydende kinders,kinders van die wêreld vandag is/ Die gebeure is aktueel. (1)

4.4 Ja
Grootmense kontrasteer met kindertjies. / Dit maak aanklag universeel/ Beklemtoon kinders se weerloosheid. (2)

4.5 Kinders is nou meer universeel ter wille van versritme of metrum.
"kindertjies" deel van aanhaling.
(kinders" staan buite die aanhaling/emosionele lyding. (1)

4.6 Christus vereenselwig hom met die lydende kinders deur die verwysing na sy eie geboorte. (1)

4.7 Die wreedheid word hierdeur beklemtoon/oorlogsgeweld/klank van bomme. (1)

4.8 Letterlik dui dit op genesing. (1)
Figuurlik dui dit op genade en om geseën te word. (1)

4.9 Hierdie lys kan aangevul word / Is nie voltooid nie/Ondersteun progressie. (1)

4.10 Christus se versoenende liefde word geïllustreer.
Ja. (2)
**[15]**

## VRAAG 5

***Busrit in die aand*** – E. Eybers

5.1 "suf" / "moeg" / "yl" (1)

5.2 Die alleenheid van die werkers word hierdeur uitgehef. (1)

5.3 Die weerkaatsing van die ligte oor die straat word vergelyk met die maan se weerkaatsing oor die dam. (2)

5.4 Ja
"Slawe" sluit aan by die vasgevangenheid van die werkers in 'n roetine / Sluit aan by die neerdrukkende stemming van gedig. (2)

5.5 Die spreker en sy / haar metgesel is vrolik/opgewek/opgetoë en lag mekaar toe, terwyl die werkers moeg, afgemat en eensaam daar uitsien. (2)

5.6 Beklemtoon die moeë sufheid van die werkers. (1)

5.7 "buit" / stormsee/stuurman/slawe. (1)

5.8 Die ses strofes het dieselfde patroon / is ewe lank. (1)

5.9 Die donker geboue en onder voorwerpe langs die pad. (1)

5.10 Die herhaling van "en" / Personifikasie/alliterasie/assonansie. (1)

5.11 Inspireer
Ek hou van die stadsatmosfeer / roetine ...

**OF**

Afgekeer
Die eentonige roetine is sieldodend / werksomstandighede in stede is neerdrukkend. (2)
**[15]**

## VRAAG 6

***Troetelwoorde vir Ogilvie Douglas*** – M. van Niekerk

6.1 'n Sprokieswêreld (1)

6.2 Die omstandighede en die ruimte word geskets / help met die interpretasie van die gedig. (1)

6.3 Die wêreld is stil / bied geen antwoord/bejammerenswaardige omstandighede/vader is slagoffer van omstandighede/"arme" kind. (1)

6.4 "my kind" / "my droomoogkind" / "oggeliefiekind van my" moet **frase** wees. (1)

6.5 Dui op 'n betekenisverband tussen reëls / albei dui op die rondheid van druppels / Dui op kontrasterende verband / Beklemtoning van die reën en druppels/beklemtoon die dinge wat hom bekommer/Vader sien "kwyl" ook as 'n seën. (1)

6.6 "droomoogkind" (1)

6.7 Dit sluit by die gedagte aan dat God hom oor die nietigste mens ontferm/ Pas in bosmilieu. (1)

6.8 Rustig en liefdevol/vertedering/deernis. (1)

6.9 Wanhoop/moedeloos/berusting/bejammering (moet **gevoel** wees; kan omskryf) (1)

6.10 r.18 (1)
Die spreker rig hom tot God. (1)

6.11 Ja
Dit dui op die pa se positiewe en gunstige belewing van die kind / Die pa sorg liefdevol vir sy kind. (2)

6.12 Ja
Ons moet dankbaar wees vir kinders / ...

**OF**

Nee
Ek sou min rede gehad het om God te prys / ... (2)
**[15]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: 40**

## AFDELING B

***Die Keiser*** – Bartho Smit

### VRAAG 7

7.1 7.1.1 Suid-Afrika. In ons land se ekonomie speel goud nou al vir 'n geruime tyd 'n belangrike rol.
Suid-Afrika – baie goud. (2)
7.1.2 Materialisme / wanbesteding/geldvermorsing/korrupsie. (1)

7.2 Dit beklemtoon hoe selfverheerlikend Kultuur is. (1)

7.3 7.3.1 Hy wil nie hê Kultuur-hulle moet bewus raak van sy teenwoordigheid nie. (1)
7.3.2 Hy weet dan van dié dinge wat die ministers vir die Keiser wegsteek en kan die Keiser daaroor inlig/speel reeds kat-en-muis met ministers. (1)

7.4 Hy is verbaas/vol weersin/vies/ergelik. (1)

7.5 Detail / besonderhede van irrelevante dinge is vir hom belangrik. (1)

7.6 7.6.1 Dit dra by tot die uitbeelding van spanning. (1)
7.6.2 Baie uitroep- en vraagtekens. (1)

7.7 Hy word in die rede geval. (1)

7.8 "Ja" – Kultuur het waarskynlik reg. Soos die drama later ontvou, blyk dit dat die Wewer of "Groen Tier" geen bonatuurlike mag het om byvoorbeeld die standbeelde 'n groen kleur te laat kry nie.

**OF**

"Nee" – Hy het rede om op sy senuwees te wees.
(slegs motivering = 2 punte) (2)

7.9 In r.4 is hy geweldig trots op hulle eie voëls, blomme en diere, maar hier is hy weer beïndruk met die kunstenaars wat almal uit die buiteland afkomstig is. (2)

7.10 Hy het nie veel gedoen om die beskawingsprogram te laat vorder nie/
Hy voel skuldig. (1)

7.11 (i) Die Keiser is 'n idealis om te dink hy sal dit regkry om die volk na behore te voed en te klee en beskaafd te maak.
(ii) Hy is 'n dromer wat letterlik angsdrome kry in die nag/
Hy droom net oor ideale, maar doen niks om dit te verwesenlik nie – gaan kyk nooit. (2)

7.12 Kultuur het die opdrag om te sorg dat die volk nét so goed gevoed en geklee is as die Keiser se Kabinet/
Opdrag ... nie uitgevoer nie. (1)

7.13 Kultuur bestee die geld vir die halfeeufees aan onnodige luukshede, maar Maarskalk maak hom óók skuldig aan wanbesteding deur goue toilette ens. op te rig. (2)

7.14 gaan die gaste nié baie beïndruk wees nie. (Eie woorde in hierdie trant) (1)

7.15 7.15.1 Politici draai mense 'n rat voor die oë/valsheid/leuens/bedrog. (1)
7.15.2 "sien" (1)
7.15.3 Mense sien dikwels net 'n saak soos wat hulle dit graag self wil sien en glo dus aan 'n leuen. (2)

7.16 Skok / verbasing / ontnugtering (1)

7.17 Hy stel hulle in 'n spottende lig; in albei gevalle word hulle waardigheid of status ernstig deur hierdie degraderende aanspreekvorm afgetakel/ Verkleineer hulle/het nie respek. (2)

7.18 Hy tree humoristies op / vermaak/waarsku hulle. (1)
[30]

## VRAAG 8

8.1 Die pleknaam Ekwator laat ons dink aan die ewenaar, 'n denkbeeldige lyn wat in die middel van die aardbol reg rondom dit loop. Omdat die son se strale baie direk op hierdie deel van die aardbol skyn, is die klimaat daar baie warm, 'n feit wat ook in die drama vergestalt word. 'n Verdere implikasie is dat hierdie land universele waarde het; die ewenaar loop rondom die aarde. Utopia is 'n denkbeeldige plek waar almal in geluksaligheid voortleef.

In Ekwator regeer die Keiser op 'n baie onpraktiese wyse met groot klem op onvanpaste kleredrag. Hy is onrealisties en 'n dromer en sy volk kry geen voordeel uit sy regering nie. Utopia het kamstig 'n "Grootkeiser", maar dit blyk later dat die Wewer en hierdie persoon dieselfde man is en dat daar nie werklik 'n Utopia is nie: buite die keiserlike Hof van Ekwator leef almal in 'n soort Utopia, omdat hulle maar net kan "droom" van 'n keiser en regering wat werklik na hulle behoeftes omsien. Die Wewer is egter ook 'n selfsugtige leier wat nié die volk se probleme sal oplos nie. (10)

8.2 Reeds vroeg in die drama blyk dit dat verskeie leuens 'n belangrike rol speel. Kultuur en Maarskalk verkeer in gesprek en dit blyk dat hulle vir die Keiser lieg oor belangrike aangeleenthede in die land. Kultuur is die taak opgelê om toe te sien dat die Keiser se beskawingsprogram deurgevoer word in belang van die volk, maar hy bestee die geld wat daarvoor begroot is vir die aankoop van luukshede vir die halfeeufees en rapporteer aan die Keiser dat alles volgens plan verloop. Maarskalk is as Minister van Verdediging verantwoordelik vir die veiligheid in die land. Hy sien dat sy magte nie die bedreiging van die "Groen Tier" kan beheer nie, maar rapporteer dat toestande onder beheer is, behalwe vir 'n paar "Grensvoorvalletjies". Diplomaat besoek die buiteland en is negatief ingestel t.o.v. die Keiser se kleredragvoorskrifte, maar hy laat niks daarvan blyk teenoor die Keiser nie.

Ook die Keiser is, ten spyte van baie goeie bedoelings, nie getrou aan die waarheid nie. Hy het 'n onrealistiese ideaal: dat sy volk opgehef en gevoed en geklee sal word soos almal in sy Kabinet. Dié opdrag gee hy aan sy ministers, maar nooit kontroleer hy of dit uitgevoer word nie. Later begin hy dink dat hy dalk bedrieg word oor die vordering van hierdie program, maar hy skram weg van die waarheid en stel nie self ondersoek in nie. Sy buitengewone groot liefde vir mooi klere word in werklikheid 'n simbool van die leuen, want agter die mooi klere word die ware stand van sake in sy land weggesteek.

Sentraal in die drama is die leuen van die Wewer: hy sal vir die Keiser 'n wonderkleed maak wat niemand sal kan sien as hy onbekwaam is vir sy pos of as hy 'n bedrieër is nie. Omdat almal bang is vir die implikasie as hulle sou erken hulle sien nie die klere nie, lieg hulle oor die klere en hulle gesamentlike leuens word uiteindelik beeld van 'n universele leuen. Slegs die Nar hou deurentyd by die waarheid en sê dat hy net die Keiser se onderbroek sien.

Dat *Die Keiser* 'n aktuele drama is waarin universele waarhede geopenbaar word, kan duidelik gesien word as dit in verband gebring word met gebeure in die moderne wêreld. Baie onlangs het ons gesien hoedat niemand ten volle seker is of Irakse leiers die waarheid praat as hulle onskuldig pleit op die aanklag dat hulle vernietigende wapens vervaardig het en of president Bush van Amerika onskuldig is as hy die wapenkwessie voorhou as rede vir sy inval in Irak nie. In die langdurige geskil tussen Israel en Palestina is 'n mens ook nooit seker wie is die ware sondebok nie en t.o.v. 'n land soos Zimbabwe lyk dit of buitelandse leiers telkens bedrieg word oor die ware toedrag van sake. Verkiesings in Afrika word byna klokslag betwis met beskuldigings dat die wenners hulle aan korrupsie skuldig gemaak het. (20)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [30]**

## AFDELING C

## KONTEKSTUELE VRAE

## VRAAG 9

***Kringe in 'n Bos*** – Dalene Matthee

9.1 Dorpsmense / Sakemanne in die dorp / Houtkopers. (1)

9.2 Hy wou sewe erwe in 'n spookdorp aan Saul verkoop/
Wou Saul bedrieg. (2)

9.3 "my mense" (1)

9.4
9.4.1 Ja. Hy is gewetenloos en sorg dat hierdie haglike toestande voortduur deur hulle te betaal wat hy wil / Hy buit juis hierdie toestande uit deur hulle te bedrieg en verneder. (2)

9.4.2 "Het jy al ooit jou kos moes deel sodat daar iets vir jou lyf oorbly vir môre se uitry dorp toe om 'n tiekie se suiker en 'n tiekie se koffie te verdien" (1)

9.5 Saul se gedagtegang word onderbreek deur Kate se binnekoms. (1)

9.6
9.6.1 Duisend keer .... (1)

9.6.2 Hy het baie nagedink en bespiegel oor hom en Kate se eerste ontmoeting/
Hy het nie geweet hoe hy gaan reageer nie/Sy hart en verstand sê twee dinge. (2)

9.7 Saul was by MacDonald om te vra vir 'n "goodfor" toe Kate 'n geselsie met hom aanknoop. (2)

9.8 Hy probeer MacDonald bewus maak van die kritieke toestand in die Bos en onder die Bosmense. (2)

9.9
9.9.1 'n Meubelfabriek (1)

9.9.2 Hy wou nie 'n erf/winkel aan Saul verhuur of verkoop nie. Hy het ander besigheidsmanne oortuig om nie aan Saul te verhuur nie/
Wou nie by Jozef-hulle hout koop nie. (2)

9.9.3 Nee
Kate het Thompson se hoekerf gekoop en dit aan Saul beskikbaar (1)
gestel. (1)

9.10 Hy het probeer keer dat Kate met Saul gesels/
Kate se teenwoordigheid. (1)

9.11 Letterlik – as houtkapper werk

**OF**

Figuurlik – om die Bosmense in onkunde en agterlik te hou. (enige een) (2)

9.12 Hy gaan Kaapstad toe met die *Pictor.*
Saul verlaat Knysna finaal. (1)

9.13 Hy sien neer op die houtkappers / Hy wou geen sosiale kontak met hulle hê nie. (2)

9.14 Sy liggaam wou na haar gryp.
Sy verstand wou by haar verbyloop/
Sy liefde vir Kate vs. sy verantwoordelikheid ten opsigte van sy familie. (2)

9.15 Ja. Saul en Kate besef dat hulle lewens onvoltooid sonder mekaar is/
Ja. Saul het vir Maska gestuur om vir Kate te gaan roep.. (2)
**[30]**

## VRAAG 10

***Fiela se kind*** – Dalene Matthee

10.1 Hy het sy rug teen die muur gedraai en geskreeu. (1)

10.2 Herhaling. (1)

10.3 Pad wat die Bos insukkel.
Beklemtoon Benjamin se weerstand/traagheid. (2)

10.4 Hy is nie Lukas nie en voel nie aangespreek nie.
Hy hou hom te besig met sy eie kwelgedagtes. (2)

10.5 Waarom praat die kind nie? (1)

10.6 Van die kos wat Fiela vir Benjamin ingepak het. (1)

10.7 Benjamin: klein en weerloos. (2)

10.8 Een van die sensusmanne wat Benjamin by Fiela weggeneem het. (1)

10.9 Hy gaan in die moeilikheid beland. (1)

10.10 By Fiela. (1)

10.11 Dat Elias dit nie kan vat nie. (1)

10.12 Die vrou het egter geraak / haar hare het in toutjies onder haar kopdoek uitgehang.
Die man het die trommel van een skouer na die ander verskuif. (2)

10.13 Hy sit nie by hulle nie.
Hy sit met sy rug na hulle toe. (2)

10.14 Hy het kom sê daar is werk vir Nina op Diepwalle. (2)

10.15 Hy is danig met die boswagter en hy is nooit so vriendelik nie.
Hy spog met Lukas se godsdienstigheid en hy self is nie juis godsdienstig nie.
Hy sê hy is oud en styf, maar sy optrede weerspreek dit. (3)

10.16 Is Pa dronk? (1)

10.17 Sy het 'n mondfluitjie gesteel en dink nou die boswagter is daaroor hier. (2)

10.18 Helder, duidelik. (1)

10.19 Om voor te gee dat Nina baie voorbeeldig is / om die boswagter te beïndruk. (1)

10.20 Met heuning. (1)

10.21 Sy wil nie hê Elias moet haar hoor nie. (1)
**[30]**

## VRAAG 11

***By Fakkellig*** – Karel Schoeman

11.1 "ook" (1)

11.2 "ons" – die grondeienaars / adel. (1)
"julle" – Ierse boerevolk / pagters. (1)

11.3 Planne vir 'n opstand. (1)

11.4 Die lys is onvoltooid / kan aangevul word. (1)

11.5 Voel uitgesluit vanweë die taalkwessie / planne vir die opstand. (1)

11.6 Hy gaan oor tot aksie en gaan steel sy eie mense se gewere. (2)

11.7 Die vorige lente het Alice 'n oplewing in sy lewe gebring. (1)

11.8 Liam sterf en David is ter dood veroordeel. (2)

11.9 Opstande. (1)

11.10 Ja.
Hy sê hy kan nie veel aan David bied, maar sy vriendskap / Hy vertrou hom (1)
met geheime. (1)

11.11 Vader O Floinn dring aan op die daad / optrede en dat David standpunt moet inneem. (2)

11.12 Weetgierigheid. (1)

11.13 Alleen in die biblioteek gesit en lees.
Alleen rondgedwaal deur die landgoed. (2)

11.14 Hy was onseker of hy die vraag moet stel /
Hy was onseker hoeveel inligting David oor beskik. (2)

11.15 Nee (1)
Sy enigste belangstelling was perde / Hy stel nie belang in politiek nie / Hy het dit slegs gedoen vir die finansiële voordele. (1)

11.16 11.16.1 "Hy skud sy kop" (1)

11.16.2 Hy wil tot optrede oorgaan, maar weet nie hoe nie. (2)

11.17 Hy bly sy hele lewe daar maar is onkundig wat die werklike toestande in die land is. (2)

11.18 Nee
Hy neem deel aan die geselskap maar het nog niks daadwerkliks gedoen wat getuig van sy oortuiging.

**OF**

Ja
Sy siening van die boerevolk is besig om te verander / sy simpatie begin al hoe meer by die Iere lê. (2)
**[30]**

## VRAAG 12

***Toorberg*** – Etienne van Heerden

12.1 Hy was onvrugbaar en ongetroud. (2)

12.2 Sy is kaalvoet. (1)

12.3 Sy voel hoendervel. (1)

12.4 Sink / Stiefveldhuisie.
Blikbekers / blikborde / enkele stukke porselein. (2)

12.5 Sy skerm vir Oneday en weet dit is sy kitaar. (2)

12.6 Kaatjie bedoel sy kan nie kitaar speel nie. (1)

12.7 Hy het 'n stompie-arm. (1)

12.8 Sy dra 'n kopdoek. (1)

12.9 Skommel, sukkel. (2)

12.10 Dit is al middag. (1)

12.11 Kaatjie is self nog onklaar. (2)

12.12 Hy verkondig 'n bevrydingsteologie wat strydig is met die regering se opvatting (apartheidsaktivis). (1)

12.13 Die magistraat. Hy het die hek oopgemaak. (2)

12.14 Dui aan dat dit wat die magistraat sien, opgenoem word. (2)

12.15 Sy trek haar oë nou / kyk stip. (1)

12.16 Sy peil / evalueer 'n situasie. (1)

12/17 Noag Moolman
Noag du Pisani (2)

12.18 Druppeltjie. (1)

12.19 Dit suggereer die woorde: en die klerk. (1)

12.20 Hy het by windpompe opgeklim en die wêreld van bo af bekyk. (1)

12.21 'n Mens verwag dat dit die waarheid sal uitkom as daar meer getuies is. (1)

12.22 Daar is geen geheime rondom Noag se dood nie. (1)
**[30]**

## PARAGRAAFTIPE VRAE

NB: Die algemene nasientabel vir literatuurstudie word deurlopend gebruik vir die nasien van paragraaftipe vrae.

## VRAAG 13

***Kringe in 'n Bos*** – Dalene Matthee

13.1 Saul aanvaar nie as vanselfsprekend al die "waarhede" en opvattings en bygelowe van die Bosmense nie. Hy glo byvoorbeeld nie dat die bloubokkie se gal in sy kop sit nie, en toe hy hierdie saak aanroer word hy beskou as oproerling. Hy word deur die Bosmense as opstandeling beskou omdat hy nie aan die kalander wou help kap toe sy pa hom dit beveel het nie. Hy word as verraaier gebrandmerk omdat hy glo spioeneer vir Harrison en word verwerp deur sy eie mense. Hy voel magteloos teen die Bosmense en die vernietiging van die Bos en neem die moeilike besluit om die Bos vir goed te verlaat.

Saul sien vir Kate die eerste keer toe hy veertien jaar oud was en sy soos 'n engel vir hom voorkom. Hy leer haar ken terwyl hy vir MacDonald werk en so ontwikkel hul vriendskap. Sy oefen 'n positiewe invloed op hom uit: hy leer Engels praat ; hy leer die gewoontes van die dorpsmense ken en hy word geestelik sterk. MacDonald keur egter die vriendskapsverhouding tussen Saul en Kate ten sterkste af. As gevolg van hierdie afkeurende houding van MacDonald word Saul verplig om drie keer die korrekte keuses te maak. Aanvanklik weier hy om vir Kate saam met hom Bos toe te neem. (sy wou nie onder dwang na Kaapstad vertrek nie), dog later as volwassene besluit hy tóg om haar saam te neem Bos toe. Hy neem ook die moeilike besluit om Knysna te verlaat nadat MacDonald hom voor 'n keuse gestel het; hy verlaat die dorp of MacDonald weier om hout by Jozef te koop.

Op Swellendam het Saul 'n meubelmaker geword. Tydens 'n besoek aan Kaapstad om hout te koop het hy 'n werksaanbod ontvang om meubels in Kaapstad te vervaardig. Hy het ook begin dink aan 'n meubelfabriek op Knysna en moes 'n besluit neem, naamlik Kaapstad of Knysna? Uiteindelik het hy besluit om terug te keer na Knysna.

Saul het telkens die korrekte keuses gemaak: Kate, die Bos en die Bosmense het hom nodig gehad, en hy het hulle belange op die hart gedra elke keer as hy 'n keuse moes maak. Die slot van die verhaal gee ook blyke daarvan dat hy die korrekte besluite geneem het. (20)

13.2 Dit is duidelik vanaf die begin van hierdie verhaal dat daar 'n besondere band tussen Oupoot en Saul bestaan. Maska probeer hierdie band aan Saul verklaar en sê dat Oupoot hom as mens-broer gekies het en dat Oupoot nie 'n verraaier as mens-broer sou gekies het nie. Saul is die grootman van die Bos se broer, en die feit dat Maska vir die eerste keer Saul as "baas" aanspreek, bewys sy nuwe respek vir Saul. Maska vertel ook aan Saul dat Oupoot vir Saul gelei het Streepbos toe sodat hy kon sien hoe die Bos verniel is. Oupoot wou vir Saul op sy plig wys om die Bos teen verdere uitroeiing te beskerm.

Vir Maska is dit ook noodsaaklik om vir Jozef en Saul te versoen. Hy bring die tyding van Jozef se kind vir Saul op die *Pictor* om vir Saul terug in die Bos te kry en sodoende vrede tussen die broers te bewerkstellig. Hy onderneem om met Jozef te gaan gesels omdat hulle verkeerdelik vir Saul as verraaier gebrandmerk het. Aan die einde van die verhaal slaag hy daarin om vir Saul en Jozef te versoen, en om aan Saul sy verantwoordelikheid teenoor die Bos te toon. (10)

**[30]**

## VRAAG 14

***Fiela se kind*** – Dalene Matthee

14.1 Die sensusmanne was verteenwoordigers van die Staat en het toevallig van Benjamin te hore gekom. Die lange het deurgaans die inisiatief geneem en die praatwerk gedoen. Hulle het die saak opgevolg en Benjamin Knysna toe geneem. Tog het hulle belowe om hom weer terug te bring indien hy nie die Bosvrou se kind was nie.

Hierdie belofte is nooit nagekom nie en dit kan moontlik toegeskryf word daaraan dat Fiela-hulle bruinmense is. As hulle wit was, sou daar moontlik terugvoering gewees het. Dit was verder die lange se skuld dat Benjamin deur Barta uitgewys is, omdat hy haar vooraf oor hom ingelig het as sou hy die kind wees wat weggeraak het. Die feit dat hulle niks aan Fiela laat terug weet het nie, het haar aan spanning en groot verdriet laat ly. Ook Selling het swaar gebuk gegaan onder die las. Dit moes vir Benjamin 'n vreeslik ontnugtering wees waardeur hy moes gaan. Na 'n ruk het hy probeer wegloop. Fiela het twee keer Knysna toe geloop om die probleem te probeer oplos. Later het sy en Dawid Benjamin se klere teruggebring, ook maar met nog 'n sprankie hoop dat hulle hom sou kon terugkry.
Die magistraat het min meegevoel met die situasie gehad. Hy is 'n besige man en volgens hom het die Bosvrou die kind uitgeken, is sy taak daarmee afgehandel. Met Fiela se agterna pogings was hy altyd kortaf, driftig en haastig.
Elias het in sy drang om ryk te word behae daarin geskep om Lukas te leer balke maak. In plaas daarvan dat hy die kind probeer opvoed het in die Boskultuur, het hy hom mishandel. Nadat hy weggeloop het, het hy hom byna doodgeslaan. Lukas is altyd soos 'n slaaf en nie as kind nie, behandel.
Barta kon nooit as moeder tot Lukas deurdring soos Fiela nie. Daar was altyd terughouding by haar te bespeur. Sy het natuurlik geweet sy lewe saam met 'n leuen. Sy was altyd net bekommerd as Elias hom slaan dat daar merke aan sy lyf kan wees aangesien die magistraat haar dan sal kwalik neem. Aan die einde toe Barta dit nie meer kon verduur nie, het sy self met die waarheid na vore gekom.
Die kandidaat moet self kies wat hy hier gaan sê wie die meeste kwalik geneem word. Die feite moet logies en aanvaarbaar wees. (20)

14.2 Met Lukas se aankoms in die Bos, het hy Elias in die bed aangetref; byna vermink deur die olifante. Hoewel Elias hom as hond uitgeskel het, het hy oorgebly en vir Kristoffel begin help om balke te maak sodat daar weer geld kan wees.
Nadat Barta met die waarheid na vore gekom het, was Lukas buite homself van woede. Hy het begin verstaan dat Barta onder druk verkeer het en het haar vergewe, maar die lange kon hy nie laat staan nie. By sy huis in Knysna het hy aangeklop en gevra om die lange te sien. Toe hy sien hoe oud, pateties en siek hy was, het hy omgedraai en geloop. (10)

**[30]**

## VRAAG 15

***By Fakkellig*** – Karel Schoeman

15.1 David is aan die begin 'n alleenmens wat nòg by sy eie mense tuis voel nòg ag slaan op die boerevolk. Alice se teenwoordigheid verander sy lewe; en hy raak bewus van die Iere se ellende en armoede. Dit is met Alice dat hy die eerste keer 'n Ierse krot binnegaan waar daar nege persone bly en vererg hom toe een van hulle sonder eerbied en ontsag na hulle kyk. Hy raak ook bewus van die geboulose skooltjie en die beroepe wat die leerlinge "kies".

David maak kennis met 'n breë spektrum Ierse karakters: Liam O'Niell die skoolmeester, Sèamas Bán, die dorpspastoor, O Floinn, die weduwee en haar dogters asook die ou Ierse bedelaars. Op hierdie wyse maak hy ook van naderby kennis met die armoede en ellende van die Iere, sodat hy by hom nie net 'n begrip vir hulle ontstaan nie, maar hy raak ook bewus van hulle as mense met verwagting, hoop en drome. Deur Liam word David bekend gestel aan die Iere se saak. Liam sit ook vir David die eerste keer aan die dink. Hy wil hê David moet rekenskap gee van sy vanselfsprekende lewenspatrone; dat David sekere oortuigings moet hê, sodat hy kan kies of hy by sy oortuigings wil staan of nie. Liam maak David bewus van die gevolge van sy vriendskap met die Iere: hy het uit sy kring getrek en sal moontlik gebrandmerk word. Hy het al in so 'n mate betrokke geraak by die Iere dat daar vir hom geen omdraai is nie. Sèamas Bán stel David bekend aan die opstandgedagte deur middel van revolusionêre boeke van Rosseau en Voltaire aan hom te skenk. Hy glo dat David se plig by die Iere lê en beklemtoon die feit dat, alhoewel die volk die reg het tot geweld, hy nie daarin glo nie. Vader O Floinn verkondig ook revolusionêre idees aan David, maar hy is die een wat die krisis by David versnel deur sy aandrang op David se daadwerklike optrede.

Liam se dood laat David tot aksie oorgaan. Die laaste beswaar wat David nog gehad het teen 'n deelname aan die opstande, naamlik dat dit teen sy eie mense sou wees, word deur die priester afgemaak. David gaan steel vir die opstandelinge gewere en word gevang – die daad wat hom uitsonder as held.

Eie mening: David is 'n held: Hy was bereid om iets daadwerkliks te doen / David is nie 'n held nie – Sy daad en dood is sinneloos – hy het niks daardeur bereik nie. (20)

15.2 Lentetyd is die tyd van helderheid, groei en lig in David se lewe. Gedurende hierdie tyd val alle fokus op die nuutgevonde gevoel van vreugde en samesyn wat David ondervind. Hy vergesel Alice op ritte deur die omgewing. Hy leer dans. Hy is sosiaal en woon 'n onthaal by die Cunninghams by.

Gedurende herfs stap hy alleen en vermy weer enige kontak met die Engelse adel. Hy maak ook kennis met die skoolmeester O Neill en Sèamas Bán.

Die winter raak hy bewus van die armoede en ellende van die pagters, maar ook van hulle opregtheid. Hy begin boeke lees van Franse filosowe en gesels al hoe meer met Liam en Sèamas Bán. Teen die einde van die winter raak hy bewus van 'n broeiende onrus waarby Liam betrokke is.

Die tweede lente is die begin van die revolusionêre optrede. Tydens die tweede lente besluit hy om van sy eie mense se gewere vir die opstand te steel, maar word gewond en gevang deur die soldate.

Nee – David ondergaan geen verandering nie, ten slotte is hy steeds eensaam
en alleen.
Ja – Hy het verander – hy het geleer keuses maak en die verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. (10)

[30]

## VRAAG 16

***Toorberg*** – Etienne van Heerden

16.1 Sy naam is Abraham van der Ligt. Justisie het hom Toorberg toe gestuur om die skuldige agter die dood van Druppeltjie du Pisani na te vors en 'n verslag daaroor die lig te laat sien.
Hy is in 'n padkamp gebore in die nag wat sy pa in 'n dinamietontploffing dood is. Die magistraat is 'n buitestander, alleenmens. Sy pa was mank en net so het hy net een arm gehad. Hy bly in die hotel en begin elke oggend voor die oop venster met asemhalingsoefeninge. Hy rook baie sigare en drink nogal baie whisky.
Die magistraat is 'n stil, deeglike mens. Soms gaan hy kroeg toe, maar sit heeltemal alleen. Op pad Toorberg toe in die trein het hy die stamboom van die Moolmans en die Skaamfamilie uit sy kop geleer.
Dit is baie ironies dat hy briewe aan sy vrou skryf aangesien sy reeds dood is. In plaas daarvan om dit te pos, spoel hy dit in die toilet weg; 'n daad wat sinspeel op die futiliteit van sy ondersoek. Hy koop dikwels salf vir die stompie-arm. Net soos wat hy met die dooie vrou kommunikeer, gebeur dit deurgaans in die verhaal dat afgestorwenes lewendig word en optree. Dit versterk net die magiese element van die verhaal meer.
Die briewe aan sy vrou kan gesien word as verwerkingsmeganisme veral omdat hy met geen ander persoon kommunikeer nie. Die kommunikasie met sy vrou verlig sy eensaamheid. Die briewe bring hom algaande tot insig van die hele situasie wat hy ondersoek.
Die briewe word 'n informele hofverslag van sy belewenisse en indrukke van elke dag. Dit word ook briewe aan homself.
Hy erken later dat almal ('n hele geslag) skuldig is aan Druppeltjie se dood. Hierdie kollektiewe skuld sluit homself ook in. Sy betrokkenheid as De la Rey by Ella sluit hom doelbewus by die verhaal in en so word hy mede-erfgenaam van die Moolmans se sonde of skuld. Hy erken: "op 'n manier voel ek familie van die Moolmans en voel ek hier in die vreemde in De la Rey se kamer of ek ook voorheen hier was". (20)

16.2 Druppeltjie du Pisani is die buite-egtelike kind van Kêns Tillie Moolman en Waterwyser du Pisani. Hy het die binneste oë soos sy ma en pa gehad en kon water aanvoel selfs 100 voet onder die grond. Hy was verstandelik vertraag, kon lees en skryf en was by Amy in die skool.
Hy is ook kind van die weemoed genoem. Vir 7 maande na sy geboorte het daar konstant 'n druppeltjie aan sy linkerwang gesit. Hy het nooit sy oë vir die son geknip nie en van kleins af was dit vir hom aanloklik om onder wilgerbome te sit en speel.
Hy dwaal graag agter sy pa aan. Hy het die gewoonte gehad om by boorgate in te kyk. Uiteindelik is hy dood in 'n boorgat waarin hy geval het. Daar word ook vertel dat hy 'n genadeskoot toegedien is in die boorgat, maar niemand kan 'n presiese weergawe gee van die ongeluk en die verloop van die reddingspoging nie. Dit bly 'n misterie soos baie ander dinge in die verhaal. Druppeltjie is onskuldig en daarom kan sy dood as soenoffer vir die Moolmans se sondes gesien word. Hy sterf vir alle vorige asook die huidige Moolmanskuld.
Aanvanklik het Abel hom nie aangekyk nie omdat hy swerwersbloed in hom gehad het; 'n Afstammeling van Waterwyser du Pisani. Met die ongeluk het Abel 'n onverklaarbare leidende rol begin speel in die reddingspoging. Dit is waarskynlik a.g.v. die skuldgevoel wat hy gekoester het. Hy het besef dat die Moolmans almal skuld het aan Druppeltjie se wrede dood. (10)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

**TOTAAL: 100**

## AFRIKAANS EERSTE TAAL HG EN SG

## NASIENTABEL VIR LANGER OPDRAGTE
## LITERATUURSTUDIE VRAESTEL 2

TAAL EN STYL

INHOUD

| 20<br>15<br>10 | SKITTEREND | BAIE GOED | GOED | GEMIDDELD | REDELIK | SWAK | BAIE SWAK |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| RYK | 20<br>15<br>10 | 19<br>14<br>9 | 18<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>7 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 |
| VOLLEDIG | 18<br>14<br>9 | 17<br>13<br>9 | 16<br>12<br>8 | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 |
| GOED | 16<br>12<br>8 | 15<br>11<br>8 | 14<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 |
| GEMIDDELD | 14<br>11<br>7 | 13<br>10<br>7 | 12<br>9<br>6 | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>4<br>3 |
| ONDERGEMIDDELD | 12<br>9<br>6 | 11<br>8<br>6 | 10<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 |
| SKRAAL | 10<br>8<br>5 | 9<br>7<br>5 | 8<br>6<br>4 | 6<br>5<br>3 | 5<br>4<br>3 | 4<br>3<br>2 | 2<br>1<br>1 |
| ARM | 8<br>6<br>4 | 7<br>5<br>4 | 6<br>5<br>3 | 4<br>3<br>2 | 3<br>2<br>2 | 2<br>2<br>1 | 1<br>1<br>0 |

| INHOUD | TAAL EN STYL |
|---|---|
| **A. RYK (R)**<br>1. Besondere insig<br>2. Sterk oortuigingskrag<br>3. Uitstekend inhoud-beheer<br>4. Deeglike begrip en interpretasie<br>5. Interessante, sistematiese en logiese beplanning<br>6. Vraag en antwoord sluit<br>7. Vraag voortdurend in fokus | **1. SKITTEREND (S)**<br>1. Korrekte, funksionele lees- en skryftekengebruik<br>2. Korrekte, funksionele gebruik van literêre terminologie<br>3. Oorspronklike taal en styl<br>4. Afrikaanse idioom<br>5. Keurige taalaanwending |
| **B. VOLLEDIG (V)**<br>1. Besondere insig<br>2. Oortuigingskrag baie goed<br>3. Inhoud weldeurdag<br>4. Duidelike begrip en interpretasie<br>5. Interessante, logiese beplanning<br>6. Enkele inhoudsgedeeltes ontbreek<br>7. Vraag en antwoord sluit<br>8. Vraag in fokus | **2. BAIE GOED (BG)**<br>1. Klein gebreke in lees- en skryftekengebruik<br>2. Goeie styl<br>3. Keurige taalaanwending - klein foutjies |
| **C. GOED (GO)**<br>1. Meer gebreke<br>2. Oortuig minder<br>3. Feite nie volledig nie<br>4. Aanbieding plek-plek nie logies nie<br>5. Vraag en antwoord sluit plek-plek nie<br>6. Vraag nie voortdurend in fokus nie. | **3. GOED (GO)**<br>1. Meer gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik<br>2. Taal en styl begin lomp vertoon<br>3. Taalaanwending toon tekens van slordigheid |
| **D. GEMIDDELD (GE)**<br>1. Baie gebreke<br>2. Oortuig soms glad nie<br>3. Helfte van feite<br>4. Belangrike feite ontbreek<br>5. Interpretasie gewoon<br>6. Aanbieding nie logies nie<br>7. Vraag en antwoord sluit dikwels nie | **4. GEMIDDELD (GE)**<br>1. Nog meer gebreke t.o.v. lees en skryftekengebruik<br>2. Taal en styl vertoon lomp<br>3. Taalaanwending is slordig |
| **E. ONDERGEMIDDELD (OG)**<br>1. Baie meer gebreke<br>2. Oortuig gedeeltelik<br>3. Belangrike feite weggelaat<br>4. Interpretasie oortuig nie<br>5. Aanbieding lomp<br>6. Vraag en antwoord sluit hier en daar<br>7. Vraag net in enkele gevalle in fokus | **5. REDELIK (RE)**<br>1. Ernstige gebreke t.o.v. lees- en skryftekengebruik<br>2. Sinsbou swak<br>3. Taalaanwending slordig<br>4. Slaag soms net |
| **F. SKRAAL (SK)**<br>1. Kandidate druip<br>2. Vol gebreke<br>3. Oortuig glad nie<br>4. Geen insig nie<br>5. Onbelangrike feite oorheersend<br>6. Interpretasie swak<br>7. Aanbieding deurgaans lomp<br>8. Vraag en antwoord sluit glad nie | **6. SWAK (SW)**<br>1. Skryf- en leestekengebruik beroerd<br>2. Sinsbou swak<br>3. Taalaanwending slordig |
| **G. ARM (A)**<br>1. Druip ver<br>2. Geen insig<br>3. Weinig kennis<br>4. Interpretasie<br>5. Aanbieding onlogies en verward<br>6. Vraag glad nie beantwoord nie | **7. BAIE SWAK (BS)**<br>1. Kennis in gebruik van skryf- en leestekengebruik bestaan nie<br>2. Taalgebruik uiters swak |